NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 14 – Uitgawe 46 13 Januarie 2022

# Verandering en vertroue

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die lewe verloop selde reëlmatig en voorspelbaar. Daar is voortdurend verrassings en veranderings wat ons noop om aanpassings te maak. Dit geld ook in die lewe van die kerk.**

Oor die afgelope twee jaar is ons almal se lewens onverwags en ingrypend verander deur die Covid-19-pandemie. Dit het ook ons gemeentes en bediening diepgaande geraak: die inrigting van eredienste en prediking, kategese en jeugwerk, diakonale werk, fondsinsameling, ensovoorts. Ten spyte daarvan dat die pandemie in talle oorsese lande tans weer amok maak, het die vierde vlaag van die pandemie in Suid-Afrika nie naastenby dieselfde eise aan ons mediese dienste gestel as die vorige drie vlae nie, en die aantal Covid-sterftes was nie eens naastenby so hoog as in die verlede nie. Kan ons begin hoop dat die pandemie in die komende jaar ten goede sal afneem? Sodat ons weer na 'n meer normale lewenswyse kan terugkeer?

In een belangrike opsig word die verwagtinge van die Hervormde Kerk nietemin deur die verlede bepaal: Weens die skerp afname in die geboortesyfer, onverpoosde emigrasie en die ontvolking van die platteland sal die inkrimping van lidmaattalle voortduur. Die goeie nuus is darem dat daar al 'n afplatting in hierdie tendens te bespeur is.

Dit beteken egter dat gemeentes en ringe die demografiese werklikhede in hul beplanning en bediening moet verreken. Is dit steeds haalbaar en bekostigbaar om 'n kerkgebou in stand te hou op 'n dorp waar die poskantoor, bank, skool en selfs winkels oor die afgelope dekade gesluit het?

Gelukkig blyk dit dat gemeentes dit begin insien en kragte saamsnoer. In die noorde van Pretoria het Pretoria-Noord en Theresapark saamgesmelt tot Pretoria Noorderlig, in Brakpan het die twee gemeentes saamgesmelt tot Emmaus Kenleaf, op Brits is die twee gemeentes ver gevorder op die pad na eenwording. Op dieselfde manier het die ringe van Middelburg en Lydenburg verlede jaar saamgesmelt tot die ring van Middelburg, die ringe van Zoutpansberg, Potgietersrus en Waterberg tot die ring van Noordelike Bosveld, en die ringe van Pretoria-Noord en Noordelike Pretoria tot die ring van Magalies. In al hierdie gevalle is daar nou minder uitgawes en meer werkkragte. Dit is uitvoering van die 72ste Algemene Kerkvergadering (AKV) se besluit oor sinergie en konsolidasie.

Hierdie proses moet dringende verdere momentum kry op pad na die 73ste AKV wat van 30 September tot 4 Oktober 2022 sal plaasvind. Dit is belangrik dat ringsvergaderings en ringskommissies hier sterk strategiese leiding gee. Inligtingsvergaderings waar ringskommissies toegerus word vir hul taak word vir vroeg in die jaar beplan, nog voordat die ringsvergaderings vanaf 6 Maart 2022 een na die ander begin plaasvind.

Predikante wat in die huidige tydsgewrig in redelike getalle emeriteer, skep op twee maniere nuwe geleenthede: Enersyds word dit vir gemeentes makliker om te konsolideer sonder dat dit die lewenstog van hul predikante bedreig, en andersyds is daar meer emeriti beskikbaar om op 'n deeltydse basis uit te help waar gemeentes nie meer 'n volsorgbediening in stand kan hou nie. Terselfdertyd is dit duidelik dat daar geleidelik al meer gemeentes is wat beroepe uitbring en dat die noodsaaklike stimulasie wat 'n nuwe predikant bring, ook in die gemeentes vrugte afwerp.

Ten slotte, as die verrassings en veranderings eie aan ons voortstuwende lewe ons angstig na die toekoms laat kyk, het ons as gelowiges die troos dat ons veilig is in die hande van die Here *wat hemel en aarde gemaak het ... Hy wat trou bly tot in ewigheid* (Ps 146: 6, AFR2020). Hy is die Een wat die onmoontlike moontlik maak, die Een wat nuwe lewe gee selfs deur die dood heen.

**Dr Wouter van Wyk**
**Sekretaris: Kommissie van die AKV**

# Lief en leed

- Emeritusspredikant **ds PS (Piet) van Staden** (95), vader van dr P (Piet) van Staden (Stellenbosch/Worcester), is Maandag 20 Desember oorlede. Sy gedenkdiens het op 8 Januarie in Gemeente Witrivier plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan mev Marthina van Staden, dr Piet en hul familie.



Ds Jan Kramer

- Emeritusspredikant **ds JR (Jan) Kramer** (66) is Sondag 26 Desember oorlede na sy stryd met kolonkanker. Sy troosdiens het op 6 Januarie in Gemeente Elsburg plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan mev Maryna Kramer en hul seun, ds Marius Kramer, en die familie. Mev Kramer het ook vroeër in Desember 'n swaer aan die dood afgestaan, en ondervind self gesondheidsprobleme.

- Ds Gerrie Senekal van Lichtenburg se skoonvader, **mnr Basie Engelbrecht** (81), is Dinsdag 28 Desember oorlede na 'n massiewe beroerte. Sy roudiens het op 5 Januarie vanuit Gemeente Montana-Oos plaasgevind en is gelei deur ds Senekal. Die Engelbrecht-egpaar het in Tzaneen gewoon en was 57 jaar lank getroud. Hy laat sy vrou, vyf kinders, 15 kleinkinders en een agterkleinkind na. Ons innige simpatie gaan aan mev Engelbrecht, mev Annatjie Senekal en die res van die familie.

- **Mev MMJS (Marietjie) van Schalkwyk**, lidmaat van Gemeente Pierneef en weduwee van ds CJ (Kerneels) van Schalkwyk wat in 1980 oorlede is, is op 30 Desember 2021 oorlede – 'n dag nadat sy 90 geword het. Sy het blykbaar altyd gesê dat sy 90 wil word! Ons innige simpatie gaan aan haar naasbestaandes.



Mnr Kobus van Staden

- **Mnr Kobus van Staden** (Gemeente Meyerspark), wat op 26 Februarie 2021 'n volle 100 jaar oud geword het, is Saterdag 1 Januarie in die hospitaal aan nier- en hartversaking oorlede. Volgens die hospitaal was dit weens Covid-19-verwante oorsake, maar hy het na alle waarskynlikheid nie Covid onder lede gehad toe hy op 23 Desember opgeneem is nadat hy in die badkamer van sy huis geval het nie. Sy gedenkdiens vind plaas op Vrydag 14 Januarie om 11:00 in Gemeente Pierneef en sal gelei word deur ds HF Gothan. Die diens sal ook lewendig gestroom word. Oom Kobus het nog in sy eie huis gewoon en was sedert 1973 die buurman van mnr Kobus Viljoen, 'n vorige administrateur van die NHKA. Ons innige simpatie gaan aan die familie en vriende.

- **Mnr Nicolaas Jacobus van der Merwe** (73), vader van mnr Wouter van der Merwe van die Sinodale Dienssentrum se IT-afdeling, is Sondag 2 Januarie na ses beroertes kort na mekaar oorlede. Hy sou op 18 Januarie 74 jaar oud geword het. Hy het jare lank vir AVBOB gewerk, en kerke (meestal aan die Oos-Rand) het hom geken as oom Nic van AVBOB. Sy roudiens het op 7 Januarie vanuit die NG Kerk Brakpan-Wes plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan Wouter en die res van die familie.



Luca Anne Barnard

- Ons het verneem dat **ds JMJ (Jan) de Wet** van Bloemfontein met kanker gediagnoseer is. Ons bid hom en sy vrou, Zelma, die Heer se krag en ondersteuning toe.

- Baie geluk aan ds David en Marisa Barnard van Magaliesmoot met die geboorte van hul eerste kleinkind. **Luca Anne Barnard**, dogter van Sean en Donné Barnard, is op 28 Desember gebore.



Prop Mari-Louise Calder

- **Prop M (Mari-Louise) Calder** word op 16 Januarie om 09:00 as predikant bevestig in Gemeente Wonderboompoort. Persone wat die diens wil bywoon, kan met prop Calder in verbinding tree by 076 757 2800.

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Januarie, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 13 Januarie: Dr FJ (Frikkie) Labuschagne (55) (Sinodaal)
  - Vrydag 14 Januarie: Di J (Japie) Coetzee (71) (emeritus) en CJA (Tony) Simpson (80) (emeritus)
  - Saterdag 15 Januarie: Di W (Werner) Olivier (53) (siekte-emeritaat) en GJC (Chris) Schoeman (72) (emeritus)

- Maandag 17 Januarie: Ds CJ (CJ) van Wyk (55) (Newlands)
- Woensdag 19 Januarie: Di IM (Retha) Losper (32) (Suidoos-Witbank/Ogies) en MJ (Martin) Slabbert (50) (Philadelphia)
- Donderdag 20 Januarie: Ds MJJ (Martyn) Redelinghuys (91) (emeritus)
- Vrydag 21 Januarie: Dr J (Johan) Nel) (61) (Bloemfontein-Wes), di GS (Stephen) de Beer (61) (Noordwestelike Pretoria) en GC (Gerrie) Senekal (55) (Lichtenburg)

## Gemeentes en bediening



Ds Quinten Schimper



Ds Herman Meyer



Ds Lisa-Mari Prinsloo



Dr Frikkie Labuschagne

- **Ds QJ (Quinten) Schimper** (Krugersdorp/Krugersdorp-Wes) het ’n beroep ontvang na die Kuruman-kombinasie. Hy het nie die beroep aanvaar nie.

- **Ds HP (Herman) Meyer** (beroepafwagtend) het ’n beroep ontvang na Carletonville. Hy het die beroep aanvaar en word op 16 Januarie daar bevestig.

- **Ds L (Lisa-Mari) Prinsloo** (Sasolburg-Suid) het ’n beroep ontvang na Centurion-Oos. Sy het die beroep aanvaar en word op 6 Februarie daar bevestig.

- Baie geluk aan **dr FJ (Frikkie) Labuschagne** (Sinodaal/SGB) met sy aanwysing as voorsitter van die Gemeentedienstenetwerk (GDN), ’n omvattende een-stop-toegangspunt tot bedieningshulp vir gemeentes, wat teologies verantwoord, navorsingsgebaseerd en prakties is.

- Gemeentes wat hulp nodig het met ontwerpe kan gerus kennis neem van **Conrad Marnewick**, seun van ds Johann Marnewick van Gemeente Johannesburg-Wes. Hy skryf soos volg: “My naam is Conrad Marnewick, ek het Multimedia Design gestudeer (2019-2021) by Greenside Design Center, en ek besit ’n BA graad in Digitale Kommunikasie en Media/Multimedia. Ek werk in Adobe Illustrator, Photoshop, XD, After Effects, en Figma. Ek was deel van die Student Representative Council (SRC) en is in my tweede jaar as voorsitter aangestel. Ek het ’n logo vir een van die Hervormde gemeentes in die ring van Johannesburg ontwerp om hul missie en visie uit te beeld. Indien enigiemand belangstel in my dienste as ’n vryskut ontwerper, of ’n voltydse posisie in my lyn van werk kan aanbied, kontak my op my e-pos (**conrad.marnewick13@gmail.com**) of skakel my by 081 086 7252. Daar kan ook na my digitale portefeulje gekyk word by *Behance* (**https://www.behance.net/JohannMarnewick**). By voorbaat dankie.”

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Goudveld.** Aansoeke word ingewag van ’n gelegitimeerde predikant, verkieslik in die ouderdomsgroep 25-30 jaar, vir **Gemeente Goudveld (en Gemeente Kroonstad met kontrakverbinding)** wat op 1 Januarie 2022 vakant raak.

  **Gemeenteprofiele: Gemeente Goudveld** is een van twee Hervormde gemeentes in Welkom in die ring van Bothaville. Die gemeente is in 2010 gestig en het tans ’n sieletal van ongeveer 250. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met die grootste aantal lidmate in die groep bo 40 jaar. Die gemeente beskik oor ’n doelmatige kompleks bestaande uit ’n kerkgebou, saal met kombuis, en kerkkantoor. Die gemeente is bekend vir luisterryke eredienste, warm gemeentesang en uitreik na mekaar en die gemeenskap.

  **Gemeente Kroonstad** is die enigste Hervormde gemeente in Kroonstad in die ring van Bothaville. Die gemeente is in 1947 gestig en het tans ’n sieletal van 68, waarvan 38 aktief betrokke is in die gemeente en gemeenskap. Die gemeente beskik oor ’n doelmatige kompleks bestaande uit ’n kerkgebou en saal met kombuis. Die gemeente word gekenmerk deur lidmate wat met deernis na mekaar omsien.

  **Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van ’n passievolle verhouding met God. Liturgies goed voorbereide, Gees-vervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Moet verkieslik in die ouderdomsgroep 25 tot 30 val of so na moontlik daaraan. Moet die bediening in die gemeente dinamies maar Skrifgetrou en verstaanbaar

vir alle ouderdomsgroepe kan hanteer. Moet vernuwend en sinvol met die liturgie in die eredienste omgaan. Moet 'n aanvoeling vir gemeentesang asook musiek in eredienste hê. Moet sinvol as deel van 'n bestuurspan kan funksioneer. Daar kan van die aansoeker verwag word om tydens die gemeente se vakante tydperk 'n erediens in die gemeente teen die normale vergoeding waar te neem.

**Posbeskrywing:** Dit is 'n deeltydse, vyfsewendes-werkruimte met verantwoordelikhede soos in die Kerkorde omskryf. Gemeente Goudveld sowel as Gemeente Kroonstad word bedien. Vergoeding, reiskoste, mediese fonds en pensioen sal volgens die voorgeskrewe skale en die Kerkorde se voorskrifte hanteer word met inagneming van die leraar se aantal jare diens.

**Aansoeke sluit op 30 Januarie 2022**. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV en gestuur word aan die Sekretariële Beampte, **welkomnedherv@gmail.com**. Meer inligting kan bekom word van Lydia McIntyre (079 493 2014). Die Kerkraad behou die reg voor om, indien so besluit, nie een van die aansoekers te beroep nie, of 'n leraar wat nie aansoek gedoen het nie, uit te nooi om 'n CV aan die Kerkraad te stuur vir oorweging vir die vulling van die vakature.

- **VAKATURE VIR DEBITEURE-INVORDERINGSKLERK: Sinodale Dienssentrum.** Die personeel van die Sinodale Dienssentrum het op 29 November afskeid geneem van **mev Marilize Grobler** wat geruime tyd in diens was en debiteure hanteer het. Die pos is dus nou vakant.

**Vereistes:** Matriekvlak Rekeningkunde; verdere kwalifikasie/opleiding sal 'n aanbeveling wees; ten minste 5 jaar ondervinding van die invordering van debiteure.

**Verdere vereistes**: Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van 'n span te funksioneer; goeie kommunikasie- en organisasievaardighede; rekenaarvaardigheid in MS Office en Accpac.

**Vergoeding:** Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.

**Sluitingsdatum: 17 Januarie 2022.**

**Navrae en aansoeke**: Aansoeke met CV moet gerig word aan mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **mannekrag@nhk.co.za**; tel 012 322 8885 x3005.

## Kerklike publikasies

- Neem asseblief kennis dat die **pryse van die Bybels** wat by die Sinodale Boekwinkel beskikbaar is, **met ingang van 1 Februarie styg**. Kontak mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za** in hierdie verband.



## Vergaderings

- Donderdag 13 Januarie: Rata Finkom
- Saterdag 15 Januarie: NHSV Dagbestuur
- Maandag 17 Januarie: 9de ADV Beplanningskomitee
- Woensdag 19 Januarie: ADV Finkom
- Donderdag 20 Januarie: Redaksie van *Die Hervormer*
  ADV-webinaar afskop vir 9de ADV

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Gemeente Philadelphia: Eerstejaars-afskopkamp**
  **Vir alle studente wat in Pretoria studeer**
  **Datum: 30 Januarie tot 5 Februarie**
  Plek: Warthog Inn (buite Brits)
  Koste: R890
  E-pos: **eerstejaarsafskopkamp@gmail.com**
  Kontak: Dr Sanrie de Beer 083 226 1866 / Ds Martin Slabbert 082 655 4787

- **Gemeente Potchefstroom-Studente** wil graag kontak maak met al die eerstejaars wat in 2022 in Potchefstroom kom studeer en meer inligting aan hulle deurgee. Ons wil kontak hou deur WhatsApp-boodskappe, ensovoorts. Voltooi asseblief die inligtingsvorm by **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Gemeente Stellenbosch** versoek alle voornemende studente aan die Universiteit van Stellenbosch om jul inligting aan die gemeente te verskaf. Ons sal graag daarvan wil kennis neem. Kontak dr Chris le Roux by 079 495 3239, of **stellenbosch@nhk.co.za**.


SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die
NHKA NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; 5 jaar deeltyds



***Toelatingsvereistes***
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

"Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk."

***Inskrywings vir Januarie 2022 open 1 Oktober 2021***

*Maak 'n verskil in die Koninkryk van God*

Navrae: Ds Bouwer Serfontein
E-pos: ministry@skillspro.co.za
Selnommer: 082 339 7854


## Toerusting

IKIB

- Om binne 'n gemiddeld van drie tot vier (soms net een) pastorale gesprekke 'n noemenswaardige verskil te kan maak in iemand se lewe, klink onmoontlik, maar met **Korttermyn Interaktiewe Begeleiding (KIB)** is dit heeltemal haalbaar. **Cizelle Louw**

(kliniese sielkundige met meer as 30 jaar ervaring) het die **Instituut vir Korttermyn Interaktiewe Begeleiding (IKIB)** gestig om hierdie benadering spesifiek vir predikante te ontwikkel. Dit is van groot waarde vir "alledaagse probleme" asook vir trauma van watter aard ook al. Jy kan meer gaan lees oor hierdie opleiding by **www.cizellelouw.com.** Op die tuisblad kan jy klik op "OPLEIDING". Sien jou graag daar!

- Kyk by **https://www.litnet.co.za/n-veelkantige-besinning-oor-eutanasie/** vir **prof Jaco Beyers** se artikel " 'n Veelkantige besinning oor eutanasie".

## 'n Gedig

**gesprek**
13/12/96

jy vertel my die radioloog
neem sulke mooi foto's van jou hande –
die palmbene slank en weerloos

net die vingerbeentjies en die kneukels
rafel uit
so asof al die seën bid
doop handskud handevashou
handgebare van jare dominee-wees
jou hande finaal vermink

wanneer die siekte
vaster vat
sal jy wel in dié pynlike handdruk
jou liewe Here Jesus se palms erken
die gesplete palmbene
se eksotiese pyn
heeltemal joue maak

**Louise Boshoff**
(Uit: *Witpad*, SA Scientific Publications, 1999)

## Barmhartigheid

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
**Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deelkamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
**navrae@athalia.co.za**
**www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in 'n gevestigde, boomryke area met 'n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.




- **Seniordal-aftreeoord**
  Kieserstraat 126, Rietondale
  Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
  Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
  Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand
  Navrae: Beaulah du Plessis by 082 847 9544
  **Seniordalpta@gmail.com**

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.



## Gebed aan die begin van die nuwe jaar

Vader, ek glo dat ek ’n wonderlike nuwe jaar betree –
’n jaar wat gevul sal wees met gebed en lofprysing,
met diens aan U en my medemens,
en met geïnspireerde kreatiwiteit.
Heer, ek glo dat U by my teenwoordig sal wees
waarheen ek ook al reis,
in ’n trein of motor of boot,
stadig en afgemete te voet,
of hoog in die lug.
Ek glo dat u liefde skitter in my liggaam,
dat u wysheid my verstand rig,
dat u vrede my met kalmte omvou,
en dat ek altyd op u krag kan staatmaak.
O, ek glo dat hierdie u nuwe jaar vir my is!

(Elizabeth Searle Lamb, Woman’s Day)

womansday.com/life/g30243133/new-years-prayers/

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds Willem Sauer |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |